MentorVennoot osw
Jy staan nie alleen nie

Hoofstraat 206
Paarl
082 459 6316
info@mentorvennoot.co.za
NPO Reg nr 201-329

MENTORVENNOOT

VERSLAG en INLIGTING - Februarie 2020

1. INLEIDING

Om hierdie verslag in perspektief te sien, is die volgende 4 punte ten opsigte van Mentorvennoot se visie, missie en doelstellings noodsaaklik:

1.1 Ons visie is gerig op die jongmense (leerders in Afrikaanse Hoërskole) van Suid-Afrika om hulle bewus te help maak van Entrepreneurskap wat daartoe kan lei tot hulle selfstandigheid en finansiële onafhanklikheid.

1.2 Doelgerigte geleenthede is geskep en aangebied waarin hierdie leerders praktiese blootstelling van entrepreneuriese beginsels kon kry.

1.3 Hulle suksesstories en inskrywings vir die Entrepreneur- en Snapspelkompetisie is bemoedigend om te sien dat daar soveel kreatiwiteit onder die opkomende entrepreneurs is, daar is ook ongetwyfeld `n hulproep wat uitgaan vir mentorskap.

1.4 Die rol en funksie van `n Mentorvennoot is duidelik te siene in hierdie behoefte scenario.

2 `n VERKORTE VERSLAG OOR ONS PROGRAMME, AKSIES EN AKTIWITEITE VAN 2019 WORD KORTLIKS GENOEM

2.1 Grondwetwysiging is gedoen om aan te pas by die vereistes vir `n belastingvrystellings sertifikaat.

2.2 Die magtiging is deur SARS verleen vir uitreiking van 18A sertifikate

2.3 Mentorvennoot kry tydens `n vergadering met die nuwe organisasie # Alles Afrikaans die opdrag/versoek om te begin met `n leierskapontwikkelingsprogram.

2.4 Gesprekke vind plaas met Radio KC as `n moontlike platform om MV programme te promoveer.

2.5 Veranderinge by die Direksie is:

- Dr Dionē Prinsloo se termyn as Direksielid het verstryk weens haar aftrede as HUB by die S.A Akademie.
- Prof Anne-Marie Beukes is as nuwe Direksielid amptelik op 11 Oktober 2019 aangestel.
- Mnr Rienzi Duvenage het as Finansiële Direkteur na baie jare by Mentorvennoot bedank.
- Jaco Pieters is in sy plek aangestel.

2.6 Die webwerf is gratis deur Jaco Thom oor gedoen en opgegradeer. Besoek ons gerus by www.mentorvennoot.co.za

2.7 `n Spesiale Entrepreneursgeleentheid is 13 Mei 2019 by Hoërskool Oos- Moot gehou waar verskeie jong entrepreneurs opgetree het waarvan die hoofspreker Marnus Broodryk was.

2.8 Gesprek is met Mnr Dan Plato die Burgemeester van Kaapstad en Jemayne Andrews van sy kantoor gevoer vir moontlike befondsing en ondersteuning vir ons programme.

2.9 Die beplanning om Snapspel met 40 skole te kon doen het gerealiseer. Die spel is in twee simulasies gedoen. 20 het die Restaurant en 20 die Lugdiens simulasie. Daar was vanjaar `n surplus skole wat ons kon doen sou daar meer fondse wees.
Die drie Hoërskole wat deurgedring het na die finaal op 12 Oktober in Kaapstad was:

- Paulus Joubert (Paarl)
- Oudtshoorn
- Oos- Moot (Pretoria) die wenskool van 2018

2.10 Leerders se behoeftes en kommentare.

Dit is uiters belangrik om kennis te neem van die leerders se behoeftes en kommentare uit vraelyste na elke Snapspel. Onderstaande is 10 hoof punte(opgesom) van die leerders se behoeftes en kommentare. Dit is in volgorde gerangskik en gebasseer op die frekwensie van leerders se behoeftes soos aangedui in vraelyste.

- Ondersteuning/encouraging/motivering(Hulle vra dit)
- Hoe begin en bestuur ek my besigheid(veral klein besighede)
- Meer inligting oor die besigheidswêreld/tegnieke en entrepreneurskap
- Meer simulasies, programme en ander interaktiewe speletjies
- Bewusmaking en om "clear business mind" en meer idees te hê
- Meer suksesstories om na te luister
- Vir ander groepe/grade ook die programme aanbied(ons fokus op graad 10 en 11`s)
- Hou aan met hierdie programme(sê hulle)
- Wat van `n aanlyn programme met vraag en antwoord forum.
- Is daar beurse en fondse beskikbaar

2.11 **MENTORVENNOOT - ANDER PROGRAMME**

2.11.1 **Entrepreneurklubs(Trepklubs)**

Die leerders wat potensiële entrepreneurs is moet hulle vaardighede en kreatiewe besigheids idees prakties kan toepas. Derhalwe is `n Entrepreneurklub by `n skool uiters noodsaaklik. Hierdie inisiatief en aksie word deur die skole self geinisieër as deel van hulle entrepreneursprogramme.

Om skole wat nie hulle eie klubs het nie te ondersteun het MV `n Handleiding saamgestel vir hierdie doel en ook aan skole beskikbaar gestel.

Die Voortrekkers van Stellenbosch onder leiding van Zandria Jordaan help by twee skole se Entrepreneurklubs naamlik, Kylemore en Bloemhof Meisieshoër.

2.11.2 Mentorvennoot Verenigings

`n Reeds bestaande Vereniging ( Paarl - Drakenstein), het vanjaar weer `n suksesvolle entrepreneurkursus vir 105 Hoërskoolleerders van verskillende skole in die Paarl aangebied.

Foto van Wenners en Aanbieders van die geleentheid

Die Mentorvennoot Verenigings is met 4 nuwes uitgebrei naamlik:
Kimberley, Ermelo, Worcester en Pretoria

`n Handleiding sowel as `n generiese grondwet vir die stigting en funksionering van Mentorvennoot Verenigings in bepaalde gemeenskappe is ook saamgestel vir gebruik.

2.11.3 Onderwysersforum

`n Onderwysersforum is gestig waar die Snapspel skole se onderwysers met mekaar kan kommunikeer oor sake rondom Entrepreneurskap. Die twee onderwysers wat die leiding neem is:

Theresa Haupt van Outeniqua en Marita du Plessis van Ermelo

2.11.4 Entrepreneurkompetisie

Ons het 74 inskrywings vir die kompetisie ontvang. Dit is 30 meer inskrywings as 2018 en die standaarde is ook beduidend beter as verlede jaar. Na die ontleding en evaluering van die leerders se suksesstories is besluit dat in plaas van net 6, eerder 12 leerders te nooi na die finaal. Hierdie geleentheid het saam met die Snapspelfinaal in Kaapstad plaasgevind.

2.11.5 Bronmobiliseerder

Die noodsaaklikheid van `n fondswerwer vir volhoubare fondse is het daartoe gelei dat Natale Roelofse aangestel vir hierdie noodsaaklike werk.

2.11.6 Snapspel - en Entrepreneursfinaal – 2019

- Die finaal het Saterdag 12 Oktober in die Burgersentum in Kaapstad plaasgevind. Die drie top skole en 12 finalis Entrepreneurs het met mekaar meegeding. Die totale prysgeld van al die verskillende soorte toekennings beloop tans R 44000.

Die Snapspel Wenskool vir 2019 is: Paulus Joubert Sekondêr (Paarl)

In die 2e plek was Hoërskool Oos-Moot (Pretoria) en in die 3e plek Hoërskool Oudtshoorn

- **ENTREPRENEURSKOMPETISIE**

Mentorvennoot Entrepeneur van die jaar

GJ Swart (Hoërskool Ermelo)

Stefan van Wyk (Hoërskool Outeniqua

Opkomende Entrepreneur van die jaar

Melinda Groenewald (Hoërskool Fochville)

Owen Blauw (Hoërskool Oos-Moot

Gemeenskapsdiens Entrepreneur van die jaar

Lungile Mpika (Hoërskool Ligbron)

Foto van die 12 Finaliste

:

3 PROGRAMME EN AKSIES VIR 2020

Die volgende nuwe programme word in 2020 implimenteer.

Die Strategiese beplanning is evalueer en aanpassings gemaak. Sowat 28 werkaksies en doelwitte vloei daaruit voort. Ek noem enkeles:

3.1 MV(40) is `n projek wat ontstaan het tydens besprekings met die Burgemeester van Kaapstad. Die doel is om die Snapspel met 40 skole in die Kaapstad se Mentropool te doen.

3.2 Ons het reeds 42 Snapspelskole van al 9 provinsies vir 2020.. Dit sal dus groei van 102% in die aantal skole beteken. Ons is ook nog in afwagting vir addisionele befondsing wat meer skole kan impliseer.

3.3 Ambassadeurs

Ons begin vanjaar met `n Ambassadeursprojek by elke Snapspelskool:

- `n Skole Ambassadeur (leerder van die skool) en
- `n Ouer as Ambassadeur (behulpsaam as kundige in Mentorvennoot Verenigings)
- Elke rol word bepaalde funksies aan gekoppel

-

-

Olivia Boardman

Ons eerste Ambassadeur by Hoërskool Outeniqua

-

3.4 Die samestelling van Waardes(`n etiese kode) vir Mentorvennoot is besig om formuleer te word

3.5 Bestaande asook nuwe vennote word identifiseer wat deel vorm van ons programme vir vinniger en

meer effektiewe groei.

3.6 Dameskring se rol met die stigting van Mentorvennoot Verenigings gaan landwyd `n nuwe effek en momentum bring.

3.7 Die Voortrekkers gaan by skole hulp verleen aan leerders se behoeftes veral met die skool se Entrepreneurklubs.

3.8 `n Nuwe struktuur word geskep vir die ondersteuning en ontwikkeling vir potensiële Entrepreneurs wat ons deur die Snapspel ontdek. Die gedagte is dat iemand so persoon sal help oplei in `n sogenaamde “gap” jaar.

3.9 Vorige en oud Mentorvenoters gaan identifiseer en opgevolg word vir `n ondersteunende rolle

3.10 Alle Brondokumente word gestandaardiseer

3.11 Data en inligting van leerders en ouers word anders hanteer en gebruik vir opvolg aksies

3.12 Leierskapontwikkeling as komponent van ons programme gaan ondersoek word.

3.13 Die Snapspel Kampioenskool van 2019 – Paulus Joubert in die Paarl, gaan betrokke raak by `n kompos Entrepreneursprojek by Gouda.

3.14 Mentorvennoot se fokus bly gerig op ons hoofprogramme nl.

3.14.1 **Snapspel**

Die aanvraag is nou (begin van Februarie) alreeds meer as wat ons kan bedien. Die 42 skole waarvoor ons befonds word is reeds vol.
Alternatiewe kommunikasie prosedures word met ouers implimenteer.

3.14.2 **Entrepreneurskompetisie**

Ons wil graag die aantal inskywings vanjaar verhoog na 300, `n styging van meer as 300%
Twee van 2019 se wenners is in RSG se Kompas uitsendings opgeneem om hulle stories te vertel.
Sien foto en terugvoer onder van **Melinda Groenewald van Fochville** een ons Opkomende Entrepeneur wenners van laasjaar

“My besigheid word net elke dag beter. Ek het nou al vir so 2 maande my hoenders en ek het reeds eiers begin verkoop.Ek is besig om nog hokke te bou sodat ek nog hoenders kan koop en my winste kan verhoog.
My groente tuin het ek ook weer uitgebrei en ek het ander groente soos butternut by geplant wat n goeie uitset gehad het.
Met die geld wat ek gewen het, het en my hoenders gekoop. En ek is besig om weer te spaar vir nog hoenders met my winste elke maand.”

3.14.3 **Mentorvennoot Verenigings**

Tien nuwe dorpe en skoolgemeenskappe is hiervoor ge- oormerk vir stigting van nuwes.

3.9.4 Enterpreneurklubs by skole

Die Ambassadeurs en leerders saam met betrokke onderwysers gaan `n nog groter rol hier speel wat ons gaan help en monitor

3.9.5 Die Onderwysersforum

Die inhoud en kommunikasie van skakeling tussen onderwysers by die forum gaan meer omskryf word met inhoud vir die betrokke onderwysers om te gebruik

Onlangs tydens `n Snapspel by `n vooraanstaande skool voer ons gesprek oor Mentorvennoot en Entrepreneurskap, toe maak die skoolhoof die volgende opmerking:

“Die gesprek op die speelgrond is besig om te verander”

JY STAAN NIE ALLEEN NIE.

Saamgestel deur:

Kobus van den Bergh
Besturende Direkteur
Mentorvennoot
10 Februarie 2020